

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Dink voordat jy doen.

Dis dalk 'n outydse lewensles, maar vandag nog net so geldig. Veral as jy jou geld belê.

En dan lees ek snert van mense wat tog sekerlik meer verstand behoort te hê, wat sommer so uit die lug in sekere media "wenke" gee oor waar om jou geld te belê.

Ek kry ook gereeld briewe van lesers wat byvoorbeeld vra: "Ek het R1 miljoen, waar moet ek dit belê?"

Jy maak jouself só wawyd op vir onetiese geldhiënas. Die vraag alleen kan lei tot beloftes van onrealistiese opbrengste, gestaaft deur kleurgrafieke en syfers oor wat êrens in die verlede gebeur het. Dalk totaal onverwant aan wat jou spaardoelwit is. Dit beteken niks.

Verantwoordelike beleggingsbesluite verg dinkwerk. Daar is eenvoudig nie een skoen wat almal pas nie.

Dink aan die 1697-sprokie oor Aspoestertjie en haar glasskoen. Die prins wat op haar verlief geraak het, moes gaan soek vir die nooi aan wie se voet die glasskoentjie pas.

Jou beleggingskoen moet vir jou pas, vir jou alleen. Jy gaan ook nie 'n regtervoet in 'n linkerskoen kan pas nie. Jou beleggingskoen is van glas; forseer jy din-ge gaan hy breek. En jy is jou geld kwyt.

Hier is kortliks enkele tersaaklike oorwegings voordat jy enige beleggingsbesluit neem.

Die termyn

Die termyn van die belegging is belangrik. Dit sal bepaal hoeveel beleggingsrisiko jou finansiële raadgever kan inbou. Met 'n langtermynbelegging, minstens vyf jaar, of beter, tien jaar en langer, gaan jy meer blootstelling hê aan groeibates.

Groeibates is aandele en eiendom. Op lang termyn stof dit ander bateklasse ver uit. Maar in die jare tussenin kan jou belegging elke nou en dan maar bedroë lyk wanneer die aandelemarkte besluit om 'n ruk lank, soos die Bulle-rugbyspan deesdae, van die vloer te eet.



Belegging: 'n Aspoesterskoen wat uniek pas

Vier kwessies wat oorweeg moet word wanneer jy groot geldbesluite neem

Is jou termyn "medium", so vyf jaar, gaan jy meer gebalanseerd moet dink en effekte en kontant in die portefeulje inbou.

Op kort termyn moet jy dalk bly by kontant en so bietjie effekte.

Die les hier is, moenie probeer om die markte te "speel" nie. Los die oornag ryk word vir prinse wat na die draers van glasskoene soek.

Inkomste

Dit is nou verwant aan die termyn. Is die belegging vir inkomste of vir kapitaal-groei? Sonder hierdie besluit is enige beleggingsraad nuttelos. Eintlik roekeloos.

Net soos jy op lang termyn meer risiko kan aanneem omdat jy tyd aan jou kant het, net so moet jy risiko beperk as jy inkomste uit jou belegging moet neem.

Maar nie so beperk dat jy groei inboet nie. Dis 'n geld-skaakspel wat jy versigtig moet speel.

Doelwit

Dit is belangrik om 'n spaardoelwit te hê. Die doelwit self is 'n uitstekende motiverer om te spaar: Jy weet wat jy wil en jy sien dit gebeur.

Al is jou doelwit die skep van welvaart in die algemeen, doen dit. Of dit kan wees vir aftrede. Of om by aftrede 'n plek in 'n aftree-oord te kan koop of êrens langs die see.

Jou spaardoelwit is ook nou verwant aan die termyn. Dit sal ook in 'n groot mate bepaal watter tipe produk die geskikste een vir jou sal wees.

Om te spaar vir die huisie by die see en om te spaar vir jou kleinkinders se

studie is totaal verskillende doelwitte.

As jy vroeg doodgaan, is die huis by die see bloot iets wat jou nie beskore was nie. As jy vroeg doodgaan, voordat daar genoeg geld gespaar is vir die kind se studie, gaan 'n geleentheid verlore.

Dit is hoekom dit 'n goeie idee is om in die kind se geval te spaar met lewensversekering sou jy nie ou bene haal nie, want ten minste word jou goeie daad - om die kind te help - nie verydel nie.

Belasting

Ons moet ons belasting betaal. Maar hoekom meer betaal as wat nodig is?

Onder elkeen van die oorwegings wat ek hierbo noem behoort jy belasting as 'n suboorweging in ag te neem.

'n Langtermynbelegging, byvoorbeeld, wat grootliks in aandele belê, word vriendeliker belas as 'n meer konserwatiewe belegging net in kontant en effekte.

As al jou geld in rentedraende instrumente is (byvoorbeeld geldmarkfondse of by die bank) kan jy tot 45% belasting op die groei betaal. Jou rente-vrystelling is R23 800 per jaar (R34 500 per jaar as jy oor 65 is).

Kapitaalwinstbelasting (KWB) op die verkoop van aandele (eers wanneer dit verkoop word en nie noodwendig elke jaar, soos met rente-opbrengste nie) is 'n maksimum van 18%. En jou jaarlikse vrystelling vir KWB is R40 000.

Dividend-inkomste wat jy verdien uit aandelebeleggings is belasbaar teen 20%.

Dit is 'n terughoubelasting, jy sien dit nie.

As jou spaardoelwit aftredevoorsiening is, is die premie wat jy spaar aftrekbaar tot 27,5% (tot 'n maksimum van R350 000) van jou inkomste per jaar. En die groei in byvoorbeeld die uitree-anuïteit (UA) is heeltemal belastingvry.

Dan is daar die opsie van spaar in 'n lewensprodukt (polis), wat geskik is vir mense wat in die hoogste belastingkategorie val, of vir trusts, wat inkomstebelasting betaal teen 45%, sonder enige vrystellings.

In 'n polis word belasting op inkomste gehef teen 30% en KWB op aandeleverkope teen 12%.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.